THE APOSTOLIC FAITH MISSION OF SA
DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SA

NUUSFLITS / 18 APRIL 2019

BOODSKAP VAN HOOP

Hierdie naweek hou ons dienste om die offerdood van ons Here en Verlosser Jesus Christus te herdenk. Op Sondag vier ons Sy opstanding uit die graf.

Die dood en opstanding van Jesus is die pilare van ons Evangelieboodskap. Die apostel Paulus vat die kern van die evangelieboodskap perfek saam in 1 Korintiërs 15: 3-4 wanneer hy sê: "*Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte*."

Die betekenis van ons Here se dood is dat dit die vergewing van sonde moontlik gemaak het. Dit is die vergewing van sonde wat lei tot ons aanneming in God se familie.

Die opstanding van Jesus uit die graf gee ons hoop op die lewe hierna.

Ek moedig jou aan om na te dink oor die boodskap van vergifnis, versoening en hoop tydens hierdie komende Goeie Vrydag en opstanding Sondag. Mag God jou help om diegene wat jou seergemaak het, te vergewe. Mag God ons verhoudings deur versoening genees. Mag Hy ons hoop gee dat ons alle onsekerhede sal oorskry wat ons pessimisties maak oor die toekoms.

Seën!
Past. M.G. Mahlobo

DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA NASIONALE KANTOOR
Gebou nr.14, Central Office Park, Jeanlaan 257, Centurion, Gauteng, Suid Afrika

Posbus 9450, Centurion, 0046

Tel: +27 12 644 0490 / Faks: +27 12 644 0732/4 / www.afm-ags.org

Nuusbrief Redakteur:
Past. M.G. Mahlobo (President van die AGS)
mmahlobo@afm-ags.org

Navrae:
Chantalle Schutte (Interne Kommunikasie Spesialis)
chantalle@afm-ags.org